

# Gereformeerde Kerk Krugersdorp

# Jaarprogram 2024

**Gereformeerde Kerk Krugersdorp**
H.v. Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
GPS: S26 05.389 O27 46.649

Posbus 1627, RANT-EN-DAL, 1751
Sel: 072 854 0953
E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
www.gkkrugersdorp.co.za

Like

PayPal VISA MasterCard

Snap here to pay

# GEMEENTEPROGRAM

## Belangrike Datums en Inligting 2024

**VOORBEREIDING:**
Februarie 18
Mei 19
Augustus 18
November 17

**NAGMAAL EN NABETRAGTING:**
Februarie 25
Maart 29 (Goeie Vrydag)
Mei 26
Augustus 25
November 24

**BELYDENISAFLEGGING:**
Februarie 11

**BREË KERKRAADVERGADERING:**
Februarie 13
November 5

**OUDERLINGE VERSLAGVERGA-DERING:**
Februarie 20
Mei 21
Augustus 20
November 12

**DIAKENS VERGADER:**
Februarie 18
Mei 19
Augustus 18
November 17

**KERSSANGDIENS:**
November 17

**SUSTERS: BLOKLEIERS:**
Januarie 28
April 14
Julie 28
Oktober 20

**SUSTERSAAMTREK:**
Maart 9

**BELYDENISKLAS AFRONDING:**
Desember 5 tot 9

**2025 JAARBEPLANNING:**
Januarie 14 (2025)

**GEMEENTEKAMP:**
Januarie 26 tot 28

**FEESDAE EN SPESIALE DIENSTE:**

| | |
|---|---|
| Maart 29 | Goeie Vrydag (Nagmaal 09:00) |
| Maart 31 | Opstandingsondag |
| Mei 9 | Hemelvaart (Diens 18:30) |
| Mei 19 | Pinkstersondag |
| Okt 27 | Hervormingsondag |
| Des 16 | Geloftedag |
| Des 25 | Kersdag (Diens 09:00) |
| Des 31 | Oujaarsdiens (09:00) |

**GEMEENTE PROJEKTE:**
**Wegneem-etes:**
Februarie 23
Mei 24
Augustus 23
November 14
**Vleisprojek:**
Julie 27
**Damdopper Herfsmark:**
April 26 en 27

**PROJEKTE VIR REDDERSBURG KINDERHUIS:**
**Winterprojek:**
Mei 3 en 4
**Kersfees-in-Julie:**
Julie 28
***Damdopper Delivery:***
Augustus 30
September 27
**Kampnaweek:**
Oktober 4 tot 6
**Kersgeskenke aflewer:**
November 15 tot 17

**KONINGSKINDERS:**
**Kampnaweek:**
Desember 5 tot 8

# GEMEENTEPROGRAM 2024

Liewe Broer en Suster

Die Gemeenteprogram vir 2024 is saamgestel om almal, maar veral nuwe intrekkers, vertroud te maak met die **funksionering en aktiwiteite** van ons gemeente.

Nuwe intrekkers word hartlik welkom geheet in ons gemeente en ons hoop dat u dit as ŉ geestelike tuiste en vesting sal ervaar. Ons vertrou dat u ŉ lewende lidmaat sal wees wat uself ook in diens van die Here beskikbaar sal stel.

## INLEIDING

Die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp, is in April 1896 in ŉ skoolsaal te Krugersdorp gestig. Hierdie stigting was die resultaat van ŉ versoekskrif wat Gereformeerde lidmate in die Hekpoort-omgewing in 1895 aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk, Rustenburg, voorgelê het. In die versoekskrif het hulle afstigting van ŉ selfstandige gemeente bepleit vir lidmate in die Hekpoort-omgewing. Die Rustenburgse kerkraad het met die versoekskrif akkoord gegaan en besluit om dit aan die Algemene Vergadering voor te lê.

Die Algemene Vergadering het op 16 Maart 1896 te Heidelberg (Transvaal) byeengekom. Die versoekskrif is behandel en goedgekeur en daar is besluit dat ŉ Gereformeerde gemeente op Krugersdorp gestig moes word. Op 25 en 26 April 1896 het ds J de Ridder van Rustenburg en ds JL Maury van Potchefstroom saam met lidmate van Hekpoort vergader en is die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp te Hekpoort gestig. Die gebied van die nuwe gemeente het gestrek vanaf Krugersdorp, die Moot, Maanhaarrand (halfpad tussen Krugersdorp en Rustenburg) en vanaf Randfontein tot Roodepoort. ŉ Wyk is in 1902 op Krugersdorp gestig, wat tot gevolg gehad het dat die "kerk" na die Anglo-Boereoorlog na die dorp verskuif het.

Weens uitbreiding aan die Wesrand, het verskeie gemeentes van Krugersdorp afgestig, naamlik Die Moot (1926), Florida (1942), Krugersdorp-Wes (1954) en Krugersdorp-Oos (1978).

In 1978 was die lidmatetal van die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp 618 belydende en 345 dooplidmate. Die gedagte van meerdere bediening word al sterker en na vele beraadslaging is daar besluit tot afstigting. Die Klassis het op 6 November 1978 goedkeuring verleen vir die stigting van die Krugersdorp-Oos gemeente, wat op 10 Desember 1978 met 268 belydende lidmate en ds DC Coetsee as konsulent ontstaan het. Proponent CG van der Merwe is op 25 Februarie 1979 beroep. Hy volg die roeping op en word op 7 April 1979 in die gemeente bevestig.

Verskuiwende demografie en veranderde bedieningspatrone het egter meegebring dat Krugersdorp-Oos in 2011 weer met Krugersdorp een geword het. Hierdie eengeworde gemeente staan bekend as die **Gereformeerde Kerk, Krugersdorp** en was tot 16 Maart 2014 bedien vanuit die kerkgeboue in Premierstraat en Clewstraat. ŉ Afsluitingsdiens is op 16 Maart 2014 in die Clewstraat-bedieningspunt gehou. Die kerkgebou is sedertdien verkoop.

## PREDIKANTE

Die gemeente beskik oor die dienste van twee voltydse predikante wat op verskeie wyses in die gemeente diensbaar is.

**Dr Wim Vergeer** is in April 2007 in die Krugersdorp-gemeente bevestig en bedien sedert 2011 ook die eengeworde gemeente.

**Dr De Wet Saaiman** is in Desember 2011 as medeleraar in die gemeente bevestig.

Die twee voltydse predikante bedien gesamentlik die hele gemeente. Vir praktiese doeleindes fokus dr Wim Vergeer se bediening vanaf 2023 op lidmate ouer as 65 jaar en dr De Wet Saaiman se bediening op die lidmate jonger as 65 jaar. U kan egter met vrymoedigheid enige een van hulle nader. Die kontakbesonderhede van die predikante verskyn agter in die Jaarprogram. Nuwe intrekkers word deur beide die predikante besoek. Die predikante verdeel die hospitaalbesoeke en pastorale gevalle in oorleg met mekaar om sodoende effektief in die gemeente te kan werk.

## EREDIENSTE

Die gemeente se kerkgebou is op die hoek van Begin- en Premierstraat in Krugersdorp-Noord geleë.
(GPS: S26 05.389 O27 46.649).

Die eredienste vind soos volg plaas:

> **Oggend:** 09:00
> **Aand:** 18:00 gedurende die skoolkwartale
> **Geen Aanddienste** tydens langnaweke en skoolvakansies nie. Aanddienste word egter wel op die kerk se *YouTube* en FaceBook kanale uitgesaai.

Voor die eredienste word 'n aantal Psalms, Skrifberymings en ander liedere saamgesing. Soms word die geloofsbelydenis onder die erediens gesing. Die Psalms, Skrifberymings en Liedere wat tydens die erediens gesing word, word teen die mure voor in die kerk geprojekteer.

Die Nabetragtingsdiens word direk na die Nagmaaldiens gehou. Daar is dan geen aanddiens dié betrokke Sondag nie.

**Die Breë preektema vir 2024 is: *In die wêreld, maar nie van die wêreld nie.***
Die prediking sal op die volgende Kwartaaltemas fokus.

1. Die wêreld (aarde) as geskape erfdeel.
2. Die wêreld deur sonde gebroke.
3. Die wêreld as ons woning.
4. Die toekomstige wêreld.

Eredienste word vanaf die kerkgebou lewendig via *Facebook* en *YouTube* gebeeldsend. Inwoners in die Moria Sentrum vir Bejaardes Kan die uitsendings deur middel van *YouTube* en *Facebook* op hulle eie TV-stelle of in die gemeenskaplike sitkamer kan volg.

Eredienste word op kerklike feesdae gereël. Besonderhede oor die eredienste word in ons nuusbrier, die *Ons Kandelaar,* bekendgestel.

## KOLLEKTES

Tydens die erediens is daar 'n geleentheid om die kollekte vir barmhartigheid elektronies deur middel van *SnapScan* af te dra, alternatiewelik kan u dit by die deure in die eerste kollektesakkie plaas. Die nodige *SnapScan*-skakels word geflits. Daar is ook 'n tweede kollekte by die deure (tweede sakkie) vir kollektes in die kerkverband of ander verdienstelike sake. Die kollektes vir die kerkverband word in die *Ons Kandelaar* aangedui. Alle kollektes word ook die voorafgaande Sondag bekend gemaak.

## EMERITUSVERSORGINGSFONDS

Die versorging van ons predikante en emeriti is die gesamentlike finansiële verantwoordelikheid van die gemeente. Die Emeritusversorgingsfonds (EVF) is ’n fonds wat die Kerkraad gestig het om die emeriti van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp met lewensonderhoud en mediese uitgawes by te staan. Lewenskoste, veral mediese uitgawes plaas in besonder ’n groot druk op ons emeriti, daarom vra ons dat u mildelik sal bydra vir die EVF. Daar is tans drie emeritus-weduwees wat uit hierdie fonds ondersteun word.

## MOEDERSKAMER

Aan die westelike agterkant van die kerkgebou is daar ’n moederskamer vir moeders met babas. Die moederskamer is vir ouers met babas en kleuters van drie jaar en jonger. Ouers word gevra om die moederskamer so te benut dat kinders opgevoed word ten opsigte van goeie maniere in die kerk.

Ouers met kinders ouer as 3 wat die erediens in ’n minder formele opset wil meemaak, kan die erediens in die konsistorie volg. Die preek word in klank en beeld daarheen herlei.

## KLEUTERKERK EN KINDERBEDIENING

Gedurende die skoolkwartale word daar tydens die oggenddiens, behalwe op Nagmaalsondae, in die katkisasielokale ’n **kinderbediening** vir laerskoolleerders aangebied. Kinders (wie se ouers dit verkies) kan hier na ’n vereenvoudigde weergawe van die preek luister. Bywoning is vrywillig.

Gedurende die skoolkwartale word daar tydens die oggenddiens in die katkisasielokale ook ’n **kleuterkerk** vir voorskoolse kinders (2-6 jaar) gehou. Die kinders word hier met geestelike aktiwiteite besig gehou terwyl hulle ouers die erediens bywoon.

## NAGMAAL

Nagmaalviering vind normaalweg vier keer per jaar in Februarie, Mei, Augustus en November plaas. Die voorbereidingsdiens word gehou tydens die oggenddiens op die Sondag van die week voor Nagmaal. Die nabetragtingsdiens vind direk na die Nagmaaldiens plaas. Daar is dan op dié betrokke Sondag geen aanddiens nie.

Die voorbereidings- en nabetragtings-eredienste word waargeneem deur dieselfde predikant wat Nagmaal bedien. Nagmaal word ook bedien op Goeie Vrydag, tydens die erediens wat om 09:00 gehou word.

Nagmaal word in die banke bedien. Met Nagmaal is kelkies en verseëlde broodjies by die deure van die kerkgebou / konsistorie / kerksaal beskikbaar. U moet dit asseblief self na u sitplek neem.

Lidmate van ander kerke kan vooraf aansoek doen, by die skriba of wyksouderling, om saam met ons die Nagmaal te vier. Sodanige aansoeke moet verkieslik vergesel word van ’n skriftelike getuienis van die aansoeker se kerkraad.

## DOOP

Ouers wat kinders wil laat doop, moet asseblief vooraf met die predikant ’n geskikte doopdatum reël.

## TEE

Selfhelp tee/koffie is Sondae na die oggenddiens voor in die kerksaal beskikbaar. Beweeg asseblief ‘n hele ent weg voordat u met kennisse begin gesels ten einde ruimte te laat sodat almal geholpe kan raak. Geen tee/koffie word tydens langnaweke en skoolvakansies bedien nie.

## OPNAMES VAN PREKE

Sedert die COVID-pandemie word preke weekliks lewendig op beide *YouTube* en *Facebook* uitgesaai. Dit sluit begrafnisdienste in. Klankgrepe van die preek word in verkorte formaat direk na die erediens op die kerk se *WhatsApp-groepe* uitgestuur.

Preke word as MP4 en MP3 video– en oudiolêers op eksterne hardeskyf bewaar en geargiveer. Die webtuiste het interaktiewe skakels na die MP3 Dropbox waarop elke Sondag se preke in PDF-formaat beskikbaar is. Preke is nie meer op CD beskikbaar nie.

Die potgooi van die eredienste is op die kerk se webwerf beskikbaaar by www.gkkrugersdorp.co.za Die laaste 4 Sondae se preke is deurlopend op potgooi in klankformaat beskikbaar.

## BEGRAFNISSE

Skakel die kerkkantoor (072 854 0953) vir die bespreking van die kerkgebou en kerksaal en die toepaslike tariewe vir die gebruik van die fasiliteite. Die familie van die oorledene is self verantwoordelik om vooraf reëlings met die predikant; orrelis; koster en susters (vir skink van tee/koffie) te bevestig. Die koster kan die dienste van ŉ karwag vir sekuriteit bespreek op aanvraag. ŉ Gevestigde kostestruktuur, deur die kerkraad goedgekeur, is op aanvraag by die kerkkantoor beskikbaar.

## KATKISASIE

Katkisasie is (volgens die doopbelofte) die voorreg en verantwoordelikheid van die ouers. Die kerkraad bied in sy kategese wel hulp aan ouers, maar die kerklike katkisasie bly altyd ŉ verlengstuk van die kategese deur die ouers. Ouers word derhalwe versoek om toe te sien dat jongmense behoorlik vir elke les voorberei en dat hulle die katkisasieklasse getrou bywoon.

Die katkisasie vir die Graad 1 tot Graad 8 leerders vind op Sondagoggende na die erediens plaas in die kerkgebou en katkisasielokale. Katkisante gaan direk na die erediens na die onderskeie katkisasielokale vir die betrokke les. Die les wat vir elke Sondag voorberei moet word, word in die jaarprogram aangedui. Die katkisasie van Graad 9 tot Graad 11 leerders vind tydens die aanddiens plaas.

Katkisasieverslae word twee keer per jaar deur die ouderling met die ouers bespreek.

In besondere gevalle (byvoorbeeld as lidmate ver van die kerk woon) kan in oorleg met die predikant(e) volstaan word met tuiskatkisasie. Die leerplan, lesmateriaal en ander ondersteuning wat benodig word, sal deur die Diensgroep vir Katkisasie voorsien word.

Bekwame en toegewyde kategete onderrig katkisante met behulp van voorgeskrewe en toepaslike bronne in die leer van die Bybel en die Gereformeerde Kerk. Die lesse word insiggewend en opbouend aangebied om sodoende ŉ liefde vir die Christelike lewe by die katkisante te kweek. Hierdie liefdeswerk word deur die kategete in opdrag van ons Here Jesus Christus namens Hom, vir Hom en saam met Hom gedoen. Lesmateriaal word aan die begin van die jaar aan elke katkisant beskikbaar gestel.

Die belydenisklas (Graad 9-11) volg ŉ driejaarprogram wat onderrig in die Ou- en Nuwe Testament, die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls, die Kerkorde en Kerkgeskiedenis insluit. Die program word deur die predikante tydens die aanddienste behandel. In 2024 word die leerinhoud van die “Tweede

jaar" behandel naamlik die Heidelbergse Kategismus in die eerste semester en die Nederlandse Geloofsbelydenis in die tweede semester.

**Eerste jaar:** Bybelkennis (OT & NT).
**Tweede jaar:** Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis.
**Derde jaar:** Dordtse Leerreëls, Kerkgeskiedenis en Kerkorde.

ʼn Afrondingskamp vir die belydenisklas word in Desember 2024 gehou. Belydenisaflegging vir die 2023-katkisante geskied normaalweg in die eerste kwartaal van die nuwe jaar.

**Algemeen:**
Daar is geen katkisasie gedurende skoolvakansies, langnaweke en op Nagmaalsondae nie.

**Volwasse kategese:** Volgens afspraak met die predikante.

## KATEGETE 2024

| Naam en Van | Selnommer | Graad |
|---|---|---|
| Dr Wim Vergeer | 079 529 5224 | Graad 9-11 |
| Dr De Wet Saaiman | 072 378 8759 | Graad 9-11 |
| **Hulpkategete – 2024** | | |
| Melany van Niekerk | 072 245 9115 | Graad 1 |
| Vakant | - | Graad 2 |
| Retha Trennery | 072 565 0436 | Graad 3 |

| **Afloskategete – 2024** | | |
|---|---|---|
| Annerie Saaiman | 082 339 6309 | Aflos Graad 1-3 |
| Marie du Toit | 082 398 5668 | Aflos Graad 1-3 |
| Leanie Opperman | 071 151 6527 | Aflos Graad 1-3 |
| Lize du Plooy | 082 859 1434 | Aflos Graad 1-3 |
| **Hulpkategete – 2024** | | |
| Mariesa Schutte | 082 857 9555 | Graad 4 |
| Francois Müller | 083 545 9846 | Graad 5 |
| Fanie du Plessis | 084 592 8140 | Graad 6 |
| Marisa van der Walt | 084 765 4242 | Graad 7 |
| Jaco van der Walt | 082 807 5630 | Graad 8 |
| **Afloskategete – 2024** | | |
| Colin Harris | 078 453 5584 | Aflos Graad 4-8 |
| Elma van der Walt | 079 389 8301 | Aflos Graad 4-8 |
| Francois Joubert | 083 469 1825 | Aflos Graad 4-8 |
| Pieter Oosthuysen | 083 725 0783 | Aflos Graad 4-8 |

## NUUSBRIEF EN HUISGODSDIENSROOSTER

ʼn Uitgawe van die *Ons Kandelaar*, ons gemeente-nuusbrief, word elke Vrydag elektronies per WhatsApp of per e-pos uitgestuur. Slegs ʼn beperkte getal gedrukte kopieë is op aanvraag Sondae voor die erediens beskikbaar. ʼn Preekskets van beide eredienste verskyn elke week in die *Ons Kandelaar*. Besonderhede van die program van die week en lief en leed in ons gemeente

word weekliks in die *Ons Kandelaar* gedeel. Lidmate word aangemoedig om met mekaar mee te leef. U voorbidding vir almal wat beproef word en vir die bedieninge in ons gemeente, word gevra.

Lidmate is welkom om nuus en bydraes vir plasing in die *Ons Kandelaar* te stuur. Hierdie bydraes moet die kerkkantoor nie later nie as Woensdae om 12:00 bereik vir plasing die komende Sondag. Die bydraes van lidmate word gekeur voordat dit in die *Ons Kandelaar* geplaas word. Bydraes kan per e-pos gestuur word aan skriba@gkkrugersdorp.co.za.

'n Huisgodsdiensrooster, gewoonlik ter voorbereiding van die komende Sondag se preke, word Vrydae per e-pos uitgestuur. 'n Beperkte aantal gedrukte kopieë is op aanvraag in die voorportaal van die kerkgebou beskikbaar.

Die *Ons Kandelaar* en die Huisgodsdiensrooster word weekliks ook op die webblad (www.gkkrugersdorp.co.za) van die gemeente geplaas.

Die *Dopper Shopper*, die advertensieblad van ons gemeente verskyn normaalweg vier keer per jaar op Nagmaalsondag. Die *Dopper Shopper* word elektronies per e-pos aan lidmate gestuur. 'n Beperkte aantal gedrukte eksemplare word op aanvraag in die portaal van die kerkgebou geplaas. Lidmate kan 'n kwartblad-advertensie gratis in die *Dopper Shopper* plaas. Kostes vir die half– en volblad-advertensies kan by die kerkkantoor aangevra word. Nie-lidmate is ook welkom om in die Dopper Shopper te adverteer. Die keerdatum vir plasing van advertensies word in die *Ons Kandelaar* bekend gemaak.

## DIENSGROEPE

Verskillende aspekte van kerklike en gemeentelike werk word deur diensgroepe behartig. Hieronder volg 'n lys met 'n bondige beskrywing van elkeen se funksies. Die diensgroepe word jaarliks deur die kerkraad saamgestel. Daar is ruimte vir elke lidmaat om sy/haar Godgegewe gawes in die kerk aan te wend. Lidmate word daarom uitgenooi om aan te sluit by enige van die diensgroepe waar hulle voel dat hulle 'n bydrae kan lewer. Skakel gerus met die sameroeper van die betrokke diensgroep.

**Bediening in die Gemeente:**
**Sameroeper:** Dr De Wet Saaiman (072 378 8759)
E-Pos: dsaaiman@isat.co.za
**Hulp-sameroeper:** Dr Wim Vergeer (079 529 5224)
E-pos: wimvergeer@mweb.co.za
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om die verskillende bedieninge in die gemeente in die lig van die verklaarde Missie en Strategiese Doelwitte te bestuur.
- Om die effektiewe werking van die verskillende diensgroepe te monitor en te help bevorder.
- Om te besin en voorstelle te maak oor die langtermyn strategiese posisionering van die gemeente in die lig van omstandighede binne en buite die gemeente.
- Om om te sien na die belange en versorging van die emerituspredikante en predikante-weduwees wat aan die gemeente toevertrou is.

**Caritas Omgeebediening:**
**Sameroeper:** Br Pieter Oosthuysen (083 725 0783)
E-pos: elsa@live.co.za
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Die identifisering van gemeentelede wat deur die

diensgroep bygestaan kan word.
- Voorbidding, besoeke en bemoediging van siekes, eensames en diegene wat in nood verkeer.
- Voorbidding vir gemeentesake soos kerkraadvergaderings, ensovoorts.

**Eiendomme:**
**Sameroeper:** Br Len Dubery (083 301 6547)
E-pos: lendubery@gmail.com
**Doelwitte van die Diensgroep**
- Die ondersteuning en onderskrywing van die strategiese doelwitte wat insluit:
  - Voldoende ruimte en fasiliteite om die woordverkondiging moontlik te maak.
  - Voldoende parkering, grond en terreinontwikkeling.
  - Nooddienste en ontruimingsplan.
  - Beleid en hersiening van tariewe vir die gebruik van kerkfasiliteite deur lidmate en buitestaanders.
- Om die bates van die kerk in stand te hou en sorg te dra dat tydige onderhoud gedoen word by die verskeie bates van die kerk asook tuine en ander geriewe.
- Om kapitale uitbreidings of verkope van bates in oorleg met die Kerkraad en die Diensgroep Finansies en Administrasie, voor te stel en te motiveer wat sal bydra om die strategiese doelwitte te onderskryf.
- Om die bateregister op datum te hou vir ouditdoeleindes asook die nodige versekeringsdekking daarop te reël.

**Elektroniese Media:**
**Sameroeper:** Br Ben Verhoef (083 325 0728)
E-pos: ben@crescogroup.africa
**Doelwitte van die Diensgroep**
Diensgroep is verantwoordelik vir alle Elektroniese Media skakeling in die gemeente, wat insluit:
- Dataprojeksies en lewendige uitsendings van eredienste;
- Webtuiste hantering en beheer;
- Verkorte weergawes van die klankopnames van Preke weekliks op WhasApp beskikbaar stel;
- Deurlopende hersiening van toerusting, onderhoud, ensovoorts.

U kan die kerk se webblad besoek by
www.gkkrugersdorp.co.za.

**Dataprojektor:** Die volgende gebruikersriglyne geld vir die gebruik van dataprojektering tydens eredienste:
- Afkondigings voor die voorsang.
- Al die liedere wat gesing word.
- Die belydenis.
- Formuliere wanneer dit gebruik word.
- Belydenisskrifte wat in die preek behandel word.
- Tydens die preek word dit gebruik wanneer verduideliking noodsaaklik is.

Skriflesing vir die preek word nie vertoon nie. Lidmate word aangemoedig om Bybels saam te bring kerk toe. Alternatiewe vertalings kan wel vertoon word, wanneer toepaslik.

**Finansies en Administrasie:**
**Sameroeper:** Br Werner van den Berg (072 227 3026)
E-pos: werner@mjconsult.co.za
**Doelwitte van die Diensgroep**
Algemeen:
Om die finansiële behoeftes van ŉ selfstandige gemeente oor die langer termyn te bestuur met inagneming van die gemeente se eie behoeftes, maar wat ook sy roeping kan nakom teenoor ander wat buite die plaaslike kerkverband staan.

Langtermynvisie oor bates:

Die langtermynplan van die gemeente, soos aanvaar deur die kerkraad, moet in finansiële terme weergegee word om te verseker dat dit aan die eise van volhoubaarheid voldoen.

Begroting en Finansiële bestuur:

Inkomste en uitgawes moet binne die raamwerk van die begroting bestuur word. Alle transaksies moet gekontroleer word en aan die vereistes van die algemene rekeningkundige standaarde voldoen.

Lidmate:

Die diensgroep is bewus daarvan dat die grootste finansiële hulpbron van die gemeente die lidmate is. Die diensgroep is oortuig dat die gemeente, met behulp van die kerkraad, die verkondiging van die Evangelie steeds sal onderhou en dat alle verpligtinge nagekom sal word.

Versorging van funksionarisse:

- Om te verseker dat alle funksionarisse van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp binne markverwante norme vergoed word;
- Toe te sien dat die vergoeding altyd deur die gemeente bekostig kan word;
- Verseker dat die vergoeding van alle funksionarisse van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp binne die goedgekeurde begroting vir elke finansiële jaar plaasvind.
- Jaarliks met alle funksionarisse te vergader om versorging/vergoeding, en indien nodig die omvang van hulle take/opdragte, te bespreek.
- Om in geval van nood met die betrokke “betaalde personeel/funksionarisse” te vergader om versorging/ vergoeding, te bespreek.

Beloftevorms word jaarliks in die derde kwartaal aan alle belydende lidmate uitgegee met die oog op die begroting van verwagte inkomste (bydraes) vir die volgende jaar se begroting.

**Forum vir Seniors:**

**Sameroeper:** Sr Leenster Eloff (082 577 0066)

E-pos: leenster57@gmail.com

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om die liefde en genade van die Here te vergestalt in die saamkuier en deur mekaar te dra en te ondersteun.
- Om eensaamheid te verminder deur die liefde van Christus uit te leef.

Die Forum vir Seniors kom gemiddeld 10 keer per jaar byeen vir interessaante uitstappies en aktiwiteite wat deur die Kerkraad gesubsidieer word sodat dit vir almal bekostigbaar is om by te woon en aan die aktiwiteite deel te neem.

**Gemeentebyeenkomste:**

**Sameroeper:** Sr Gonda du Plessis (084 528 6288)

E-pos: gondadp@outlook.com

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om samehorigheid te bevorder in ons gemeente deur middel van Nagmaaletes, en ander funksies.
- Om predikante en hul gades namens die gemeente geluk te wens met hul verjaarsdae.

Hierdie diensgroep is ook verantwoordelik vir die reël van die jaarlikse gemeentekamp met die oog op informele ontspanning en meelewing. Besonderhede van die kampe word in die *Ons Kandelaar* bekend gemaak.

**Gemeentegeskiedenis:**
**Sameroeper:** Hierdie diensgroep is tans dormant. Dit sal in 2024/25 weer herleef met die oog op die beplanning van die 130-jarige fees. Intussen word die geskiedenis van die gemeente deur die kerkkantoor bygehou.

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Die teboekstelling van die gemeente se geskiedenis en die bewaring van geskiedkundige voorwerpe, op 'n deurlopende basis.
- Die deurgee van al bogenoemde na die kerkargief te Potchefstroom.
- Om in 2026 die gemeente se 130-jarige bestaan van die gemeente feestelik te vier.

**Kagiso:**
**Sameroeper:** Br Jan-Louis Spoelstra ( 083 291 0091)
E-pos: janlouis@me.com

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Kommunikasie met nadruk op advies oor beplanning, administrasie en finansiële bestuur.
- Koördinering van Krugersdorp- en Kagiso-diakonieë t.o.v. donateursfondse.
- Bevordering van kontak met gemeentelede onderling van Krugersdorp en Kagiso.

**Katkisasie en Jeugbediening:**
**Sameroeper:** Br Jaco van der Walt (082 807 5630)
E-pos: vdw.jaco@gmail.com
**Hulpsameroeper:** Dr De Wet Saaiman (072 378 8759)
E-pos: dsaaiman@isat.co.za

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om met bekwame en toegewyde kategete, hulp- en afloskategete, met behulp van voorgeskrewe en toepaslike bronne, die katkisante te onderrig in die leer van die Bybel en die Gereformeerde Kerk. Die lesse moet insiggewend en opbouend aangebied word om sodoende 'n liefde vir die Christelike lewe by die kinders te kweek. Ons doen hierdie werk in opdrag van onse HERE Jesus Christus, namens Hom, vir Hom en saam met Hom.
- Die doelwitte vir die jeugaksie is tweeledig:
  - Om die jeug in die gemeente as Christen jongmense saam te laat kuier en groei in hulle geloof.
  - Om uitstappies en samekomste te reël sodat die jeug mekaar beter kan leer ken en bande kan verstewig.

**Kinderbediening:**
**Sameroeper:** Sr Annerie Saaiman (082 339 6309)
E-pos: acsaaiman@isat.co.za

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Die oorkoepelende doelwit is om die preek wat tydens die oggenddiens gelewer word aan laerskoolkinders te verduidelik.
- Die spesifieke doelwit is om laerskoolkinders tydens die erediens uit te neem na 'n lokaal en die preek wat tydens die erediens in die kerk aan hulle ouers en grootouers gelewer word, vir hulle op 'n meer verstaanbare vlak te bring.
- Die ideaal is dat ouers met hulle kinders na die erediens oor die preek gesels en as gesin die preek op hulle van toepassing maak.
- Ons poog om geloofsgroei by kinders te laat plaasvind, maar ook geloofsgroei in die gesinne aan te wakker.

**Kleuterkerk:**
**Sameroeper:** Sr Marizel Fasen (076 541 7095)
E-pos: marizelfasen@gmail.com

**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om tydens die erediens aan kleuters op 'n prettige dog

gepaste wyse die woord van God oor te dra asook basiese waardes van die Evangelie te leer.

- Die kleuterkerk bied verder aan ouers die geleentheid om die erediens rustig in die kerk by te woon terwyl daar na hul kleuters omgesien word.
- Kleuters leer mekaar ken en raak opgewonde om kerk toe te kom en die lesse te leer en te voltooi.

**Koningskinders:**
**Sameroeper:** Sr Hannetjie Harris (083 416 4784)
E-pos: hanna.harris56@gmail.com
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Die uitdra van die Evangelie aan getraumatiseerde kinders tydens maandbyeenkomste;
- Die doel met die uitreikaksie is om 'n sterk geestelike grondslag vir die Koningskinders te lê;
- Betrokke te raak by ouers en kinders, en waar nodig, in hulle behoeftes te voorsien.

Inligting oor die aktiwiteite en hoe lidmate betrokke kan raak, word gereeld in die *Ons Kandelaar* gepubliseer.

**Korrektiewe Dienste:**
**Sameroeper:** Br Colin Harris (078 453 5584)
E-pos: colinth@vox.co.za
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Uitreik na God se kinders agter tralies in Suid-Afrika.
- Internasionale dissipelskap en voorspraakbediening aan gevangenes.
- Om lidmate te betrek en hulle toe te rus om gevangenes te begelei. Om hulle sodoende die geleentheid te bied om hul roeping na te kom deur God se kinders in die gevangenis te bereik met die Evangelie.
- Ons rus vrywillige lidmate toe om mense in tronke gratis te onderrig in die Woord van God. Lesse word gemerk in die gerief van hulle eie tuiste en hulle bly anoniem.

Die Woord van God word deur middel van CBI-lesmateriaal (Crossroad Bible Institute) aan gevangenes bedien. Toegang tot die gevangenis vir die doel van "Bybelonderrig" word streng beheer, maar twee persone kry elke Woensdag om 09:00 geleentheid om die studente te ontmoet, onderrig te gee en die studiemateriaal te behandel. Die Bybelstudievraestelle word deur "mentors" (lidmate) nagesien met terugvoering aan die studente tydens die volgende besoek aan die gevangenis.

Lidmate wat graag as mentors wil optree, kan met br Colin Harris (078 453 5584) skakel.

**Musiekbediening:**
**Sameroeper:** Br Petrus Steyn (082 821 9138)
E-pos: petrusskriba@gkkrugersdorp.co.za
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om die Kerkraad leiding te gee en aanbevelings voor te lê in verband met die musiek in en om die erediens.
- Om versoeke van predikante vir aanvullende musiek vir spesiale dae so ver as moontlik uit te voer.
- Gereelde sangopnames deur die gemeentekoor vir gebruik en rugsteun tydens eredienste.
- Die reël van 'n Musiek/kooroptrede elke eerste Sondag van die kwartaal.
- Die diensgroep hou ook 'n wakende oog oor die instandhouding van die kerkorrel en klavier.

**Ouma Anna se Reddersburg Kinderhuisprojek:**
**Sameroeper:** Sr Rina Aucamp (083 303 7843)
E-pos: rina.aucamp@sakata.eu
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Om ter nagedagtenis aan Tant Anna du Plooy jaarliks ‘n handgemaakte kaartjie en kontant aan die kinders in die Reddersburg Kinderhuis te gee met hul verjaardae.
- Om te bepaal waarby al die inwoners van die Kinderhuis sal baat en dan projekte te beplan om te help om aann die behoeftes te voldoen of by te dra daaartoe.
- Om vir elke kind ŉ kersgeskenk aan die einde van die jaar te gee. Elke kind kry die geskenk en ŉ bederfpakkie daarmee saam.
- Om as diensgroep interaksie met die kinders te hê deur hulle te besoek en dan ook voorsiening te maak dat hulle ons kom besoek om sodoende ook met die res van die gemeente ŉ interaksie te kan hê.

**Projekte en Verkoping:**
**Sameroeper:** Dr De Wet Saaiman (072 378 8759)
E-pos: dsaaiman@isat.co.za
**Doelwit van die Diensgroep**

- Die diensgroep stel homself ten doel om deur ŉ verskeidenheid aktiwiteite meelewing en betrokkenheid in die gemeente te bevorder, die gemeente te “bemark” en fondse, hoofsaaklik ten bate van die Kerkkas, in te samel.

**Voedingsprojek:**
**Sameroeper:** Sr Myra Coetzer (082 653 1063)
E-pos: coetzerw3@telkomsa.net
**Doelwitte van die Diensgroep**

- Verskaf voedsel aan minderbevoorregte leerders by skole.
- Bied geleenthede aan lidmate om op ‘n tasbare wyse beelddraers van Jesus Christus te wees deur barmhartigheid te toon aan ons naaste.
- Verkondig die liefde van Jesus Christus aan die ontvangers van kos met woord en daad.
- Om die gemeente bewus te maak van nood in skole. Om deur saamwerk liefdesbande met broers en susters in die gemeente te smee.

Die **voedingsprojek** is ŉ inisiatief van die Susters wat kos gedurende skoolkwartale aan hulpbehoewende kinders by drie skole gee. Die skole is Laerskool Ebenhaeser in Krugersdorp-Wes, Laerskool Millennium in Wentworth-park en die Hoërskool Nic Diederichs.

Die broodjies word Donderdag middae om 15:00 voorberei en Vrydae om 09:00 by die betrokke skole uitgedeel. Helpers vir die smeer van die broodjies word in spanne ingedeel en beurte word gemaak sodat almal nie elke week betrokke hoef te wees nie.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

**Wyke:**
Die gemeente is tans verdeel in 38 wyke. Die indeling van die wyke word deur die skriba in oorleg met die predikante behartig. Die indeling word sover moontlik op ŉ geografiese basis gedoen. In sommige gevalle is daar wyke wat volgens belangegroepe ingedeel is as kleingroepe wat mekaar onderling ondersteun. In elke wyk is daar ŉ ouderling wat as skakel dien en na die welsyn van die lidmate in die wyk omsien. Kontaknommers van ampsdraers verskyn as bylae in die jaarprogram.

**Finansies:**
Die gemeente het predikante beroep om die evangelie aan die gemeente te verkondig en het onderneem om hulle te versorg. Die aanwending van die inkomste van die kerk is daarom ten eerste gerig op die instandhouding van die erediens. Naas die traktement van die predikante, is daar ook nog vergoeding betaalbaar aan die orrelis,

koster, administratiewe– en onderhoudspersoneel en die predikante wat hulpdiens in die gemeente verrig.

Die instandhouding van die eiendomme van die kerk en die verpligte sinodale ramings verg ook aansienlike bydraes van die gemeente. Sinodale ramings alleen beloop meer as R1200 per belydende lidmaat per jaar. Hierbenewens dra die gemeente ook by om ander gemeentes te help wat finansiële probleme ondervind.

Die inkomste en uitgawes van die gemeente geskied aan die hand van ’n begroting wat deur die Diensgroep vir Finansies en Administrasie bestuur en deur die kerkraad beheer word. Die boeke van die gemeente word jaarliks deur ’n eksterne ouditeur nagegaan, waarna ’n verslag aan die kerkraad en gemeente gedoen word. Die geouditeerde state is ter insae vir enige lidmaat wat sou belangstel.

Ouderlinge verkry op ’n jaarlikse basis beloftes van lidmate van hulle bydraes vir die volgende jaar. Op grond van hierdie beloftes word die jaarlikse begroting opgestel. As algemene riglyn kan bydraes bereken word teen 5% van ’n huisgesin se bruto inkomste. Bydraekontrole state word kwartaalliks aan lidmate voorsien.

**Hoe gee ek my kerklike bydraes?**

**Direkte betaling** (Direk in die bankrekening van die kerk via Internet [EFT] of ’n aftrekorder: Bank: FNB Tjek rekening; Takkode: 250655; Rekeningnommer: 62876026511)

**Koevert** (Plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.)

**Debietorder** (Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Debietorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.)

**SnapScan en PayPal**

**(**Bydraes en kollektes kan ook deur middel van SnapScan en die PayPal fasiliteite afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.)

Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam of van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.

Kollektes onder die erediens word deur die diakens gebruik vir barmhartigheidswerk. Die kollektes by die deure is vir instansies in die kerkverband en vir die kerkkas en word so in die *Ons Kandelaar* aangedui.

**Gebruik van die kerksaal:**

Die gebruik van die kerksaal vir nie-kerklike aktiwiteite word deur die kerkkantoor gekoördineer. Persone en instansies wat die saal wil huur, moet vooraf tydens kantoorure reëlings tref met die kantoor (072 854 0953). Tariewe en voorwaardes vir die gebruik van die kerksaal is by die kerkkantoor beskikbaar. Voorkeur word gegee aan die gebruik van die saal vir kerklike aktiwiteite.

**Verhuring van katkisasielokale:**

Die katkisasielokale kan met toestemming van die Diensgroep Eiendomme op ’n korter- of langtermyn vir buite-aktiwiteite gehuur word. ’n Huurooreenkoms en die tariewe is op aanvraag by die kerkkantoor beskikbaar.

**Kerkkantoor:**

Die kerkkantoor hanteer en koördineer administratiewe funksies van die kerkraad en diensgroepe, asook die attestate en byhou van die gemeenteregister.

Veranderinge van kontakbesonderhede, adresse, asook enige navrae kan tydens kantoorure (Maandag tot Vrydag tussen 08:00 tot 13:00) aan die Administratiewe Beampte deurgegee word. Bydraekoeverte, belofte- en debietordervorms is ook by die kerkkantoor beskikbaar.

Die Administratiewe Beampte is in 2024 weer vanaf Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 13:00 beskikbaar by die kerkkantoor.

## HUISBESOEK

In elke wyk is daar 'n ouderling wat gereeld met u sal skakel en u sal besoek. Hulle sal, benewens die amptelike pligte van die ouderling, poog om meelewing te stimuleer en om u tuis te laat voel in die gemeente.

Die predikante sal u so spoedig moontlik nadat u ingetrek het, gesamentlik besoek. Benewens siekebesoek en pastorale versorging, doen die predikante geroetineerde huisbesoek by elke besoekpunt. Weens die omvang van die gemeente sal elke besoekpunt waarskynlik tweejaarliks besoek word. Indien u enige probleme of behoefte het aan 'n besoek van 'n predikant, moet u dit asseblief met vrymoedigheid met u ouderling of een van die predikante self reël.

Lidmate word ook per geleentheid in wyksverband uitgenooi vir 'n besoek by die ouderling se huis of by die kerk. Naas gesellige saamkuier word daar by dié geleentheid ook wykshuisbesoek gedoen.

## BYBELSTUDIEGROEPE

Gemeentelede is welkom om by enige van die bestaande Bybelstudiegroepe in te skakel. Byeenkomste van groepe en tye word in die *Ons Kandelaar* bekend gestel.

**Aandgroep** — Twee-weekliks op 'n Woensdagaand onder leiding van dr Wim Vergeer (079 529 5224) in die konsistorie, alternatiewelik te Kougastraat 58, Noordheuwel.

Die Aandgroep behandel die Huisgodsdiensrooster wat betrekking het op die volgende Sondag se preek. Die Huisgodsdiensrooster word elektronies uitgestuur. Dit is ook agter in die kerk beskikbaar.

**Manna Bybelstudiegroep** — Twee-weekliks op 'n Donderdag in die konsistorie onder leiding van dr De Wet Saaiman (072 378 8759).

**Patmos** — Elke tweede Sondag na die oggenddiens in die moederskamer onder leiding van sr Janet du Plooy (082 334 7913), of soos in die Kalender geskeduleer.

**Koningskinders** — 'n Groep van die ouers van die Koningskinders kom elke tweede week op 'n Donderdagoggend om 10:00 byeen by GK Krugersdorp-Wes vir Bybelstudie onder leiding van sr Hannetjie Harris en haar span.

Hou asseblief die *Ons* Kandelaar dop vir veranderinge aan datums en tye van Bybelstudie-byeenkomste.

## SUSTERS

Die werksaamhede van die Susters is by die verskillende diensgroepe ingedeel. Verder is die Susters in bepaalde wyke onder leiding van Blokleiers verantwoordelik vir die skink van selfhelp tee/koffie in die kerksaal ná die oggenddienste. Die diensbeurte word deur die blokleiers georganiseer en in die *Ons Kandelaar* bekend gemaak. Skakel gerus u blokleier as u met die skink van die tee/koffie behulpsaam kan wees.

Die Susters bedien ook tee, koffie en koeldrank na afloop van begrafnisse. Die familie voorsien self, indien verkies,

die nodige verversings. Susters wat met die skink van tee/ koffie tydens begrafnisse behulpsaam kan wees, word hartlik genooi om met sr Hettie Vergeer (079 495 8460) of Sheila-Ann Joubert (073 894 2058) te skakel.

ŉ Koevertjie waarin ŉ vrywillige bydrae vir die finansiële uitgawes van die Susters gemaak kan word, is agter in die kerkgebou beskikbaar. Die koevertjies met u bydrae kan in die kollektesakkie gegooi word, of by enige van die blokleiers ingehandig word.

## SUSTERS — BLOKINDELING 2024

| BLOK | BLOKLEIER | WYKE |
|---|---|---|
| BLOK 1 | Hettie Vergeer<br>079 495 8460 | 1, 2, **17** en 37 |
| BLOK 2 | Rina Aucamp<br>083 303 7843 | 3, 7, 8 en **33** |
| BLOK 3 | Annerie Saaiman<br>082 339 6309 | 5, **6**, 11, en 42 |
| BLOK 4 | Rensche van der Merwe | 9, **10,** 23, en 41 |
| BLOK 5 | Hanri van der Merwe<br>082 619 1451 | **13**, 14, en 32 |
| BLOK 6 | Tanya van den Berg<br>079 848 2688 | **4,** 16, **18** en 31 |
| BLOK 7 | Sonja le Roux | 19, 36, 39 en **40** |
| BLOK 8 | Lasca Joubert | 21, 26, **28** en 38 |
| BLOK 9 | Carien du Plessis<br>072 797 5735 | 25, **30,** 34 en 35 |
| BLOK 10 | Wytske van Wyk<br>083 601 6154 | Sameroeper van funksies |

## SUSTERS — SPESIALE BLOKBEURTE 2024

| GELEENTHEID | 1ste Kwartaal | 2de Kwartaal | 3de Kwartaal | 4de Kwartaal |
|---|---|---|---|---|
| **Breë Kerkraad-vergadering** | Blokke 2, 3 en 9 | | | Blokke 1, 6 en 8 |
| **Belydenisaflegging** (tafels dek en versier) | Blokke 1, 5 en 7 | | | |
| **Goeie Vrydag** (tafels dek en broodjies smeer) | | Blokke 3 en 4 | | |
| **Lentetee** | | | Blokke 2, 4, 6 en 8 | |
| **Kerssangdiens** (tafels dek en versier) | | | | Blokke 5, 7 en 9 |

## DIAKONALE WERK

Die diakonale werk in die Gereformeerde Kerk Krugersdorp word deur diakonale diensgroepe verrig. Die ouderling, predikant of ’n lidmaat identifiseer die moontlike nood of behoefte by ’n lidmaat. Dit word dan aan die voorsitter van die diakonie of ’n dagbestuurslid gerapporteer, wat dit in ’n diakonale register aanteken en na die tersaaklike diensgroep of diaken verwys vir verdere aandag en optrede.

**Dagbestuur:**

**Voorsitter:** Diaken Herman Venter (082 851 1228)
E-pos: venterherman10@gmail.com

**Hulpsameroeper:** Diaken Rina Aucamp (083 303 7843)
E-pos: rina.aucamp@sakata.eu

**Tesourier:** Diaken Lasca Joubert (083 417 1816)
E-pos: Lasca.Joubert@omwealth.co.za

**Skriba:** Diaken Wilmé Diamond ( 083 288 6328)
E-pos: wilmepawson@gmail.com

**Koskas:** Diaken Lia Verhoef (082 654 8519)
E-pos: Lia.Verhoef@astrazeneca.com

**Addisionele lid:** Diaken Magda Kruger (082 430 9603)
E-pos: mfkkruger@gmail.com

Bydraes vir die diakonie se koskas kan Sondae in die houer voor in die portaal van die kerk geplaas word. Daar is veral ’n behoefte aan blikkieskos en nie-bederfbare voedsel en produkte. Die mooi gebruik bestaan in die gemeente om nie-bederfbare produkte vir die diakonie se koskas op ’n Nagmaalsondag af te dra in houers wat onder toring vir hierdie doel geplaas word. Skakel gerus met diaken Lia Verhoef (E-pos: Lia.Verhoef@astrazeneca.com of 082 654 8519) as u weet van iemand wat hulp benodig.

Lidmate word aangemoedig om by die diakonale diensgroepe betrokke te raak. Skakel met die voorsitter van die diakonie, diaken Herman Venter (082 851 1228) E-pos: venterherman10@gmail.com of met die skriba, diaken Erika Nieuwoudt (083 950 8896) as u weet van ’n medegelowige wat in nood verkeer.

## DIAKONALE DIENSGROEPE 2023

| | **DIENSGROEP** | **FASILITEERDER** |
|---|---|---|
| **1** | 70-Plussers en Forum | Wilmé Diamond (083 288 6328) |
| **2** | Barmhartigheid (armsorg) en Koskas | Lia Verhoef (082 654 8519) |
| **3** | Caritas en Siekebesoeke | Magda Kruger (082 430 9603) |
| **4** | Diakonale Toerusting | Herman Venter (082 851 1228) |
| **5** | Diakonie Dagbestuur | Herman Venter (082 851 1228) |
| **6** | Finansies | Lasca Joubert (083 417 1816) |
| **7** | Gemeente-samekomste en Funksies | Gonda du Plessis (084 528 6288) |
| **8** | Kinderhuise | Rina Aucamp (083 303 7843) |

| | | |
|---|---|---|
| **9** | Voedingsprojek | Annerie Saaiman (082 339 6309) |
| **10** | Koningskinders | Hannetjie Harris (083 416 4784) |
| **11** | Nagmaal | Hettie Vergeer (079 495 8460) |

# KONTAKINLIGTING

## PREDIKANTE

Dr Wim en sr Hettie Vergeer
Kougastraat 58, Noordheuwel
wimvergeer@mweb.co.za
Sel: 079 529 5224

Dr De Wet en sr Annerie Saaiman
Wolkbergstraat 11, Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
Tel: 011 954 4775
Sel: 072 378 8759

## BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam:
Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB (Takkode 250655)
Tjekrekening: 62876026511

Snap here to pay

**Dataprojeksie en Uitsendings:**
Jan-Louis Spoelstra (083 291 0091)
janlouis@me.com
Ben Verhoef (083 325 0728)
ben@crescogroup.africa
Dries van der Walt (083 272 3801)
dvdwalt@hotmail.com

## ADRES

Hoek van Begin- en Premierstraat,
Krugersdorp-Noord
GPS: S26 05.389 O27 46.649

Posbus 1627
**RANT-EN-DAL**
1751

Tel: 072 854 0953
E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## KANTOORURE

**Maandag tot Vrydag:**
Kerkkantoor: 08:00 tot 13:00

## FUNKSIONARISSE

**Orrelis:**
Werner Retief (083 660 2810)

**Koster:**
Johan van Rooy (072 531 0158)

**Skriba:**
Petrus Steyn (082 821 9138)
petrusskriba@gkkrugersdorp.co.za

**Kassier:**
Piet Kruger (082 448 5015)
hekpoort@absamail.co.za
Miekie Jooste (084 660 2395)
joostep@webmail.co.za

**Webmeester:**
Nicola Muller (061 528 8137)
nicolamarb@gmail.com
Ben Verhoef (083 325 0728)
ben@crescogroup.africa

**Facebook:**
Nicola Muller (061 528 8137)
nicolamarb@gmail.com
Jan-Louis Spoelstra (083 291 0091)
janlouis@me.com

**Administratiewe Beampte en Attes-skriba:**
Janet du Plooy
Kerkkantoor: (072 854 0953)
skriba@gkkrugersdorp.co.za